

SARS NEEM 'N GROOT STAP JEENS DIE BOU VAN 'N SLIM MODERNE INKOMSTE-OWERHEID

PRETORIA, Saterdag 1 Februarie 2020 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het reis onderneem om 'n toekomstige inkomste-owerheid voor te stel waar sy werk toenemend ingelig sal wees deur data-gedrewe insigte, self-lerende rekenaars, kunsmatige intelligensie en interkonnektiwiteit van mense en toestelle. SARS se werkmag sal bemaatig wees om optimaal te funksioneer binne hierdie opwindende veranderde en veranderende werkswêreld.

Kommissaris Kieswetter beklemtoon: "Ons kan nie die krag ignoreer van 'n data en tegnologiese instaatgestelde organisasie, en die impak wat dit op die toekomstige werkswêreld sal hê nie. Ons kan egter daarop voorberei deur die interspel tussen menslike ywer en kunsmatige intelligensie welbewus en aktief te bestuur. Ons neem vandag 'n bewustelike stap jeens die bou van 'n slim moderne SARS, met onbevraagtekende integriteit wat vertrou en bewonder word."

Die SARS van die toekoms moet op hierdie nuwe omgewing kan reageer terwyl hulle die organisasie se hoër doelwit, wat die instaatstelling van die regering is om die bou van 'n bekwame staat wat die welstand van alle Suid-Afrikaners verseker, nakom.

Sedert hy laas jaar by SARS aangesluit het, het kommissaris Edward Kieswetter voortdurend die behoefte om die organisasie se tegnologiese kapasiteit 'n hupstoot te gee en insigte uit data te verkry vir 'n hervoorgestelde toekoms van SARS beklemtoon.

Die kommissaris was ook op 'n uitgestrekte konsultasie-veldtog met personeel wat SARS se strategiese doelwitte herdefinieer het. Dit het 'n behoefte vir hoër vlak interne en eksterne aanstelling gedryf om hoogtalentvolle beroepsmense en uitvoerende hoofde aan te stel wat SARS op dreef kan bring met vooruitgang in groot data en kunsmatige intelligensie in die belasting- en doeane-omgewing.

SARS se strategiese doelwitte sluit in, onder andere, die verskaf van helderheid en sekerheid oor belastingverpligtinge, wat dit makliker maak vir belastingpligtiges en handelaars om hulle pligte na te kom, die nasporing van diegene wat nie hulle pligte nakom nie en om dit vir diegene moeilik en duur te maak. Die organisasie is ook in die proses om sy stelsels te moderniseer om digitale en vaartbelyne dienste te verskaf en die publiek se vertroue in die belasting- en doeane-administrasie te herbou.

Gevolgtrek het SARS strategiese leierskapsposse geadverteer om talent- en passievolle hoofde aan te lok om die rolle te vul van Hoof Datawetenskaplike, Hoof Beampte van Tegnologie-innovering, Hoof Beampte van Finansies, Hoof Beampte van Aankope, Direkteur van Sakesegment: Groot en Internasionale Belastingpligtiges (voorheen Grootsakesentrum), Direkteur van Individuele-segment: Welgestelde en Komplekse Belastingpligtiges, en nege streekdirekteurs, asook 'n Direkteur: Skakeling met Belastingpligtiges, om 'n paar te lys.

SARS is gretig om interne personeel te laat groei deur sommige van hierdie poste intern te vul, maar die kommissaris wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die huidige "genepoel" te verryk met toekoms-georiënteerde vaardighede en vars perspektief.

"Hierdie aanstellingsproses sal SARS se toegewydheid tot die transformasie-agenda van ons land bevestig, asook die vooruitgang van diensgelykheid en diversiteit in die werksplek," het die kommissaris gesê.

Kieswetter het bygevoeg dat ons nie net kan praat oor die Vierde Industriële Rewolusie nie. Dit is op ons en ons moet ons pogings verdubbel om onself toekomsgereed te maak deur 'n intelligente organisasie te bou wat 'n wêreldklas diens aan nakomende belastingpligtiges kan bied, maar terselfdetyd ook diegene kan naspoor wat nie-nakomend is en dit vir hulle duur en moeilik maak."

"Ons Visie 2024 is om 'n slim moderne SARS te bou, met onbevraagtekende integriteit, wat deur die regering, die publiek en ons internasionale eweknieë vertrou word," het hy afgesluit. Diegene wat vir hierdie hoë-vlak poste wil aansoek doen, kan die SARS-indiensnemingsportaal besoek by www.sars.gov.za en op *Careers* klik op die onderste linkerkantste hoek van die tuisblad. Klik dan op [Join Us](#).